

# Donderdag 20 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 37:1-10

Fokusgedeelte: Jeremia 37:9-10

## **Valse vertroue keer nie God se oordeel nie**

Jeremia 37 en 38 dateer uit die tyd toe Jerusalem deur Nebukadnesar beleër is, voordat die stad en die tempel verwoes is en nog 'n deel van die volk in ballingskap weggevoer is. Sedekia was toe die koning en hy is deur Nebukadnesar aangestel in die plek van Jojagin, sy broer Jojakim se seun, wat tien jaar tevore in ballingskap weggevoer is.

In Jeremia 37 en 38 word meer kere vermeld waar Sedekia Jeremia geraadpleeg het, maar nie werklik geluister het nie. Hy het selfs vir Jeremia gevra om vir die volk te bid. In die tyd van die beleg het die farao van Egipte opgetrek in die rigting van Jerusalem. Die beleg is vir 'n kort tydjie laat vaar. Die koning en die mense in Jerusalem het gehoop dat Egipte hulle teen Babel sou help, maar dit het nie gebeur nie. Na 'n kort tyd is die beleg hervat, totdat die stad ingeneem en verwoes is. Jeremia moes vir Sedekia en die volk sê dat die hoop op Egipte vals was. Dit sou nie die oordeel van die Here kon keer nie. Die profeet moes die volk en die koning oproep om hulle te bekeer, maar hulle het nie geluister nie (vs 2). Gevolglik kon hulle nie die oordeel ontsnap nie.

Valse vertroue is om op iets of iemand anders as God te vertrou. Ons enigste bron van vertroue is Jesus Christus, wat gesterf het om ons met God te versoen. Aan Hom moet ons in alle omstandighede vashou en leef soos wat Hy van ons verwag. As ons dit doen, sal ons hoop nooit beskaam nie. Ons geloof sal steeds sterker word en ons hoop sekerder.

*Sing: Psalm 31-2:1, 9*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*